# 2013-10-13_am_theo-geyser_missionele-meditasies_reverse-mission

**Sprekersleutel**

OM Onbekende Manlike Spreker
TG Theo Geyser
OV Onderhoudvoerder
RR Richard Rohr

OM En hy het toe ook aan hulle ‘n gelykenis vertel met die oog daarop dat ‘n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie, en gesê, daar was ‘n regter in ‘n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. En daar was in daardie stad ‘n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê, doen reg aan my teenoor my teenparty. En ‘n tyd lank wou hy nie, maar daarna het hy by homself gesê, al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie, tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie uiteindelik kom en my in die gesig slaan nie.

Toe sê die Here, hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen. Maar as die Seun van die Mens kom sal Hy wel die geloof op die aarde vind.

TG Goeiemôre, liewe gemeente. Dis baie lekker om vanoggend saam met julle te kuier. Nou, ek is hier vir twee redes. Die eerste een is, ja, ek is uitgenooi hiernatoe 'n jaar terug, en die tweede een, ek het my moeder opgebring. Sy verhuis nou en word ‘n Mosaïeker. Ja, sy het gevoel sy soek nou vaste space, toe los sy my gemeente, toe kom sy hiernatoe. Nou, die van julle wat haar ken, sy is ‘n baie groot rugby ondersteuner. Ja, en my interpretasie is sy kan dit nie meer vat dat die Stormers so wen nie, en sy is op ‘n omgekeerde missie hiernatoe om te identifiseer met minder bevoorregte spanne. Dis ‘n ander preek daardie.

Nou, ons praat op die oomblik oor wat beteken dit om jou lewe te lewe as ‘n missie, as ‘n sending, om nie net geroep te word nie, maar ook om gestuur te word. Wat beteken dit? Wat beteken dit as ons oor God praat, dat God nie net ‘n sending of ‘n missie het nie, maar dat Hy dit is, dat ons as gemeente, ons kan nie regtig sending of missionele projekte hê nie? Ons is dit, dit is ‘n geweldige... wat beteken dit? En ek het gedink ek wil vanoggend gesels oor ‘n omgekeerde missie.

En ek het jare terug by Henri Nouwen hierdie woord gehoor, reverse mission, wat hy gepraat het oor elke keer as hy in die suide van Amerika op uitreik gaan, dan het hy anderster gegaan in die laaste tyd van sy lewe. Hy het gegaan om eintlik gered te word, en nie om ander te red nie. Dis ‘n bekende term vandag in teologiese kringe, sê

hoor hier, maar Afrika, die Evangelie is hiernatoe gebring deur Europa. Vandag is daar niks van God in Europa. Miskien moet ons... dis omgekeerd.

As jy dink aan Jesus se lering wat jou uitnooi om Hom te volg, het jy al gesien hoe keer Hy die missie om? Hoor hier, die wat laaste is gaan eerste wees. Het ek dit vir julle gesê? En die wat eerste is gaan laaste wees. Ook 'n belangrike ding, die hoere en die tollenaars gaan julle voor in die Koninkryk. Hy draai dit om. Wat beteken dit?

Maar ons het vanoggend hierdie wonderlike skrifgedeelte in Lukas 18 gelees, en net twee opmerkings. Nommer een, dis 'n gelykenis, en die woord gelykenis beteken met vergelyking, so jy gaan altyd sê iets is soos. En deur hierdie simboliese vertelling dra Hy 'n waarheid oor. Nou, dis hoe Jesus jou aan God voorstel. As Hy jou iets kan vertel, dis nie soos ons wat kom met sekerhede en beter weet en presies weet dis wie God is nie.

Inteendeel, Jesus is baie duidelik oor hoe Hy leer en hoe Hy jou na God toe vat. Hy sê, Ek leer en ek vertel jou niks as Ek dit nie in 'n gelykenis doen nie. En dan, in Matteus 13, sê Hy hierdie woorde: en Ek vertel vir jou die gelykenisse sodat jy dit nie kan verstaan nie. Ek bedoel, net die feit dat Hy gelykenisse vertel, dit op sigself is 'n gelykenis. Maar ek dink 'n baie, baie belangrike ding is dit: dit gaan nie oor verstaan nie. Kyk, as jy na God toe gaan, dis om soos in die son te kyk. Jy kan nie. Jy gaan net verblind word.

En nou bring Jesus beelde na jou toe, want die beelde wat in jou lewe is is wie jy is. En jy vergeet nie beelde nie. Dis hoekom Hy dit gebruik. En Hy nooi jou uit met hierdie beelde. Jy gaan dit maklik onthou. Dis maklik toeganklik, maar weet jy wat gebeur? Daar kom 'n interaktiewe verhouding tot stand in hierdie beeld. Die feit dat Hy die angel uithaal, Hy vertel dit vir jou dat jy die nie kan verstaan nie, is dat hoe jy gaan is ongelooflik nederig, en Hy sien dit word eintlik bietjie messy na die plekke waarnatoe Hy jou vat.

Daarom verkies ons eerder predikers met antwoorde of met mooi agendas en nice memo's. Dan hoef ek nie te soek nie. Ek hoef nie te worstel nie. Hierdie blik wat Jesus bring op God se missie vat jou na so 'n plek toe. In die tweede plek, as jy hierdie gedeelde moes 'n naam gee vir die literatuur wat Hy gebruik dan sou Hy dit noem ondermynende wysheid.

Nou, wat is wysheid? Dis 'n pad, dis 'n manier om realiteit te verstaan. Dis nie 'n kognitiewe ding. Dis 'n manier hoe ek lewe, en uit daardie manier uit, ek weet as ek so lewe dan gaan ek goed verstaan. En daar is twee soorte wysheid: konvensioneel, en dan ondermynend of alternatief. Konvensioneel, dis hoe ons dit kry, en dis orals die waarheid.

Die boek Spreuke het hoofsaaklik tot stand gekom in Babylon. Daar het hulle ook geglo wat jy saai is wat jy maai. Dis maklik. En daar is 'n klomp goed. Dis wysheid. Dit werk vir almal. Maar weet jy wat, partykeer as jy saai dan maai jy nie. Toe kom daar ander boeke tot stand oor wysheid, soos die boek Job, soos die boek Klaagliedere, wat gesing is vanoggend. En dit word ondermynende wysheid genoem. As Paulus Jesus beskrywe, en hy praat baie min oor die historiese Jesus, dan noem hy

hom die Sofia van God, die wysheid van God, en die blik wat Hy bring op 'n verstaan. Dis ondermynende wysheid, subversive widom. Dis so 'n storie. Hy vat jou in.

En in die eerste plek, waaroor gaan hierdie gelykenis? Hy leer ons bid. Hy sê, en Jesus vertel ons 'n storie, vir Sy dissipels, dat Hy hulle kan leer is, dis hoe ons in die wêreld lewe en dis hoe ons na die wêreld toe gaan, is deur gebed, maar nie konvensionele gebed nie. Of soos wat ons bid die meeste van die tyd. Praat ons God om, of praat ons God in hierdie ding in, of is dit die groep met die meeste gebede wat wen?

Ek onthou, met Lukatjie se geboorte moes ons baie die dokter sien, en Wilma se plasenta het nie genoeg bloed gegee nie, so partykeer dan kry ons die nuus, kom volgende week terug as hy nog lewe, en ons gaan so op en af, en op 'n kol sit ons by die dokter en die dokter sê vir my, en ons het toe weer 'n opwaardse kurwe. Hy sê, is dit nie wonderlik nie? Daar is seker baie mense wat nou bid vir julle.

Ek was nie op 'n goeie plek daardie tyd nie, en ek sê vir hom, sê jy dat God swig onder die massa gebede van baie mense? Is dit wat jy vir my sê? En hy sê oombliklik, hoor hier, ek is ook 'n Christen, ek is ook 'n Christen. En Wilma het haar rooi skoentjies aan wat sy by die Chinese winkel koop. Hulle het baie skerp punte, so onder die tafel pons sy sulke gate deur my kuite. Toe weet ek ek moet ophou praat.

Of is hierdie 'n storie wat, net soos hierdie weduwee, man, jy moet net meer wilskrag hê. Jy moet net aanhou. Jy moet net meer bid. Jy moet meer bid. Die eerste ding waarnatoe Hy jou vat is, jou lewe moet gebied word. Dis goed om gebede te bring, dis hoe jy inkom. Nou, gaan na die volgende, next level. Laat jou lewe 'n gebed word. Kom ons kyk na hierdie insetsel van Richard Rohr, wat hy praat oor ons lewe as 'n gebed.

OV So why do we pray? What is prayer?

RR You know, I think we made prayer into very much a left brain, verbal thing. And I do think there's a place for that, but the very fact that the disciples had to ask Jesus for a verbal prayer could give you the clue that that isn't what they had previously been talking about or experienced, so I'm going to say this, that whatever you do in a state of communion, connection, love, use all of them equally, is prayer. Whatever you do outside of a state of union is non-prayer, so that's why, you know, action and contemplation can come together and really be one.

When you're acting out of a state of conscious, loving union, with what you're doing, with God, with the person who's across from you, I sincerely believe that's the deepest meaning of prayer. So prayer is primarily a stance. It's a way of being in the world that is a connected way, a way of love and communion instead of a way of judgement, analysis, critique, you see. And once you recognise that, then you can...

For example, when the gospel says Jesus prayed for 40 days in the desert, does that mean He said words? I don't think so, but that He walked around putting one foot in

front of the other in conscious love and union with God, his Father, with that rock, with the sky, that's prayer, and that's why, twice in the letters of the New Testament He says, pray always.

Now, they can't really mean this verbal thing. They've got to be talking about a state of consciousness, and in many ways that's much harder to maintain, to really do even very secular things, or so-called, because then you find out there's nothing secular, because you can do everything in conscious, loving union with God. The dishes, driving to work, making love, whatever, you know, when you're doing it in union it is a prayer, and I sincerely believe that. I'm not trying to be clever. I believe that.

TG Jesus, in hierdie gedeelte, nooi ons uit na so 'n lewe toe, om te bid, en dat jou lewe dit word. Soos Paulus sê, bid sonder ophou. Bid altyddeur. En dan die tweede ding in die storie is dit sit ook 'n agendapunt op om vir iets spesifieks te bid, en dis ongeregtigheid. Jy weet, nou, 'n mens moet, as jy na hierdie woorde luister, en hierdie gelykenis, moet jy vra, maar hoekom bid? Hoekom moet ek vra, want Jesus sê dan Ek weet? Voordat jy vra weet Ek wat jy wil vra, so wat is die punt in vra?

Die een Engelse vertaling sê my Father already knows what you need. Do not babble on like the pagans. Jy sien, want hier, gebed begin met 'n omgekeerde missie na jou eie lewe toe. Kyk, dis die misterie van gebed. Dis die misterie van vra as Jesus sê maar hoekom wil jy vra, want dit gaan nie oor God wat iets vir my moet doen of God wat moet verander nie.

Alan Culpepper, hy sê, toe hy oor hierdie gelykenis skrywe, hy sê, to those who have it in their power to relieve the distress of the widow, the orphan and the strangers, but do not so, the call to pray day and night is a command to let the priorities of God's compassion reorder the priorities of their lives. Kyk, gebed verander jou, en dit het eintlik bitter min te doen met dit wat jy gedoen wil kry. Dis hierdie simbiotiese verhouding tussen God, tussen die wêreld en tussen jou, en hierdie sinergie skep 'n resultaat wat baie groter is as dit waarvoor jy vra.

Kom ons kyk na die twee karakters waarvan Jesus praat. Die een is die onregverdige regter. En jy moet vra, jy weet, daar staan Jode, en hulle weet wat die wet sê, dat 'n regter is veral daar om die wees en die weduwee te beskerm, en hy doen dit nie. Hier kom 'n vrou en sy sê, hoor hier, ek wil asseblief hê jy moet geregtigheid laat seëvier. Hier is iets onregverdigs wat gebeur. Ons het nie die detail. Ek wil asseblief hê jy moet my help. Die wet beskerm haar. Om een of ander rede stel hierdie regter nie belang in hierdie saak nie.

En dis interessant, in vers nege maak Lukas net hierdie opmerking, en hy sê, en hy het ook, met die oog op sommige wat hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis, so hy het ook hierdie gelykenisse vertel, wat hy vir jou 'n blik wil gee dat wat hom weerhou om regtig te help is, hy het 'n probleem. Hy vertrou homself. Nou moet jy seker vra, maar is dit so erg? Leer... moet ons nie mense sê, hoor hier, die Here help die wat hulleself help nie? Moet ons nie sê, hoor hier, dis goed om selfversekerd te wees, dis goed om 'n positiewe selfbeeld te hê nie?

Nee, nee, nee, hier is iets baie groters in die storie van wat gebeur in hierdie persoon se lewe, dat hoe hy na hierdie lewe kyk, alles stop by hom, dat hy moet sy lewe uitwerk, dat hy moet in beheer... hy moet die invloed wees, dat hy lewe 'n selfgesentreerde lewe, dat alles tot by hom... want op die ou end moet hy dit maak werk. Dis die dood van enige missionele lewe wat jy droom. Jy sal geroep wees, maar jy sal nooit, nooit, nooit val in die genade van 'n roekelose gestuurdheid nie.

Wat vir my baie interessant is in hierdie gedeelte: so wat laat so jou vertou in jouself? Dis nie oordrewe ego nie. Dis die ding waarmee ek en jy sukkel. Dis vrees. Het jy gesien wat bring die verandering in sy lewe? Hierdie vrou kom weer, en sy kom weer. Wat gebeur met hom? Hy raak bang. Waarvoor is hy bang? Sê nou net sy kom eendag en sy gee my 'n blou oog, of ek word rooi in my gesig. Dink net hoe gaan ek dan lyk. Kan jy sien dat diep, diep, diep word sy lewe beheer deur vrees? Ek het nie genoeg nie. Hoe gaan ek in beheer bly? Ek moet net nie foute maak nie. Wat kies ek in hierdie omstandighede?

En dan die tweede karakter is die ongeduldige weduwee. Is sy nie ongelooflik nie? Sy steur haar aan min. Sy hou net aan. Sy kom net. Sy reël nie 'n betoging nie. Sy reël nie 'n opmars nie. Sy gee nie om of hy glo, of hy nie glo nie, want hy is 'n ongelowige. Ek kom net want ek weet wat is reg en ek weet wat is verkeerd. En dit wat reg is is reg, en dit moet gebeur, en dit sal gebeur, en dis hoekom ek hier by jou is, en sy kry wat sy begeer.

Nou, in hierdie stories moet jy vra, so, wie is jy in die storie? Jesus het altyd karakters in. Dis die vrae wat Hy vra. En, ek bedoel, as jy na die storie luister sonder om te stereotipeer, as jy nou luister daarna, van wie hou jy en van wie hou jy nie in hierdie gedeelte nie? Jy weet, jy lees, dan dink jy, jinne, jou moroon. Hierdie vrou is 'n weduwee, ek bedoel, kyk hoe is jy. Dit is belaglik. Jy is supposed to be om 'n regter te wees.

Het jy al gesien dat as Jesus praat oor dit wat verkeerd is dan maak Hy jou bewus van die verkeerd wat ons trek en die verkeerd wat ons sien is die verkeerd wat binne ons is? Hy sê, hoor hier, sien jy splinters? Het jy geweet dat as jy 'n splinter kan sien dan lewe jy met die balk? Kyk, 'n groot vraag is, hoekom word ons so getrek na dit wat boos is en verkeerd is? Hoekom? Hoekom is dit so moeilik vir ons om ja te se? Ja, ons kan nee sê, aanmekaar. Dit kom. Het jy al gesien hoe praat mense oor die land, en hoe val ons in die narratief? Van wat? Vrees.

Hierdie gedig van Mary Oliver waarna ons geluister het, dis so beautiful, sjoe, en dis so mooi voorgedra, het jy gesien hoe begin sy? Wil ons nie almal lewe vir groot goed nie? Wil ons nie ons liggame oorgee om verbrand te word en dat ek hierdie goed kan expose en uitwys? Ek sal 'n derde, vierde myl gaan. Is... glo ons nie ons is geroepe, en word ons nie altyd getrek in dit in nie? Sy sê, en vanoggend toe ek wakker word toe dink ek aan China. Ek dink aan plekke, en ek sien hier kom die son op, en ek sê vir myself, jis, maar ek is so baie. Ja, ek is hierdie een wat goed wil uitwys en ek sal tot my liggaam gee om verbrand te word, en dan maak sy dit so eenvoudig.

Weet jy, die ding wat ek eintlik soek is soos hierdie son wat opkom, en dis so beautiful. Dit is die ikoon van happiness wat ek soek, en met dit stap ek in die vuur

van my lewe in. Kyk, ten diepste leer Jesus ons in hierdie gedeelte wat beteken dit om in die diepste vreugde te kan lewe. Die wysheidsliteratuur sal jou help om te verstaan, weet jy, ons is die onregverdige regter. Dis hoekom ons nie van hom hou in hierdie gedeelte nie, maar weet jy wat, hy het 'n gawe vir jou. Hy kan vir jou iets wys wat jy verskriklik nodig het om op ‘n ander manier te lewe in hierdie wêreld.

Kyk, dit kan nie God wees nie, nê. Hy is onregverdig, en baiekeer het ons die skrifgedeelte gebruik, dan sê ons, en as Hy nog onder... as jy wat sleg is nog goeie goed vir jou kinders gee, hoeveel te meer sal God dit vir jou gee? In hierdie gedeelte kom God as die weduwee na jou toe. Hy is nie die een wat die mag het en die besluite neem nie. En kan jy dink Hy maak jou bewus dat God vir jou bid, dan Hy nou sit aan die regterhand van die Vader, en dat Hy intree, dat Hy baie, baie min gesteld is of jy glo of jy nie glo, of... maar dat daar ‘n ongelooflike manier is wat Hy na jou toe kom, oor en oor en oor, en voordat jy gaan, kyk hoe kom Hy na jou toe, want dis hoe jy moet gaan.

Kyk, en vir ‘n Jood, hulle sal dit verstaan, want dis die verbond. Die verbond sê... kan nie ongedaan maak. God sal dit nooit verbreek. Hy sal vir jou bly liefhê tot die... daar is niks wat dit kan breek nie. Het jy al gesien hoe vat God hulle in stories in, in narratiewe in? Vir Hosea, vat hierdie straatvrou. Hoekom? Die straatvrou het vir jou ‘n gawe. Jou eie vrou kan jou genees, kan vir jou ‘n gawe gee, dat jy iets kan voel van wat dit beteken om om te gee vir mense hier buitekant.

Ou Henri Nouwen, toe hy oor reversed mission skryf toe sê hy, the poor have a mission to the rich, and the blacks have a mission to the whites, the handicapped have a mission to the normal, the gay have a mission to the straight, the dying have a mission to the living. Those whom the world has made victims God has chosen to be bearers of good news.

Ek wil afsluit vanoggend en ek wil jou vra, as jy gaan, en ons sê ons is geroep vir hierdie wêreld, dat jy sal gaan om te ontvang. En as jy lewe met ‘n diep, diep oortuiging dat dit is God wat vir my wag, en dat daar ongelooflike gawe is, nie om mense reg te maak nie, nie om mense te kry soos wat jy is nie, om ‘n lewe van gebed tussen hulle te lewe, dat God self na hulle lewe toe kan kom.

So ‘n paar jaar terug toe is ek en Wilma verskriklik uitgedaag toe ons hieroor begin te praat. En ons praat oor ons vriende, en ek sê vir haar, weet jy wat, die enigste vriende wat ons het het power, en dit lyk my dis hoekom ons hulle kies ook. Hulle is wonderlike mense. Hulle is unbelievable mense, maar hoe sal dit wees as ons vriende waarvoor ons lief is, wat ons nie wil verander nie, en waaruit ons niks kry nie, ek wonder wat sal na ons lewe toe kom? En ons het begin. So waar begin ons? By ons huis.

Ons het vir Christina wat vir ons werk. Sy het ‘n drieling. Sy het... in die 40 jaar het sy verskriklik gesukkel, op ‘n plekkie gekom wat sy nou na die drieling kan kyk. Hulle is nou sewe jaar oud. En haar mammie, Annie, en Abraham werk ook vir ons. Ons sê, dis nie ons werkers hierdie nie. Ons word lief vir hulle. Kom ons gaan eet ook, soos wat ons mense nooi.

Ons gaan ook Cloetesville toe. Ons bly ook daar. Ons celebrate ook die belangrike oorgange in hulle lewe. Ons is ook daar. En ek moet vir julle sê dat ek dink, groter as wat die kerk, groter as wat enige preek, ek dink, ons geraak het, was net hulle lewens, net wie hulle is en wat hulle het om te kan gee. En ek is oortuig Henri Nouwen is reg, dat arm mense is die verlossing van ryk mense.

Ja, ryk mense kan ongelooflik doen. Ek onthou toe ek in Amerika was, en toe die groot ekonomiese ineenstorting was en 400,000 mense verloor hulle werk 'n maand, en hoeveel mense pleeg selfmoord. En ek praat op plekke, en ek dog toe by myself, maar Afrika kan dalk iets hê. Daar is mense wat nog altyd arm was. Hulle het dit gemaak. Hulle lewe met 'n lied in hulle hart.

Ou Annie en Abraham, hulle is in hulle sewentigs. Hulle was nog nooit in Kaapstad nie. Hulle bly nog hulle hele lewe in Stellenbosch. Hulle het ook nie 'n toilet nie. Hulle het net 'n emmertjie waarmee hulle lewe. En ons het so 'n projek in die Karoo wat ons voor klere stuur, en in Kayamandi, en sy hoor hoe praat ek en Wilma dat daar is mense wat verskriklik swaar kry. En die volgende dag toe kom Annie met 'n sak klere en sy sê, Wilma, ons moet die arm mense help, en sy gee. Ou Christina, hulle kind, het 'n happy clappy geword. Sy is streng NG, Annie. Niks gaan haar beweeg nie. Sy sê, pastoor, my kind is 'n hoppie kloppie nou.

Ja, en dan dink 'n mens, dan kyk jy na mense en dan dink jy, so eenvoudig, dit werk vir jou. Maar dan kom Christinatjie in, en Lukatjie, toe hy gebore was, hy het huistoe gekom, toe het hy so 1.5, seker 1.6 kilogram gewees, so ons het hom so toegedraai in 'n kombersie. En dan vat Christina hom so, dan sit sy hom so neer, en dan sê sy vir hom, die Here gaan jou deurhelp. En sy het die Bybel deurgelees. Hy is mal oor boeke vandag. Hy het die woord gekry, 'n paar keer. Dan sit sy elke dag, want sy het 'n diep, diep geloof. Niemand, niemand kon die gawe bring wat hierdie mense bring in ons lewe nie. God is hier buitekant.

Onthou jy 'n dag toe Jesus weer praat van 'n omgekeerde missie, en hulle praat oor wie hulle bereik, en Hy sê, dis net so jammer, toe Ek in die tronk was, dit so so great gewees het. Weet jy, toe ek arm was, dit sou net so ongelooflik gewees het as julle daar was. Dan sê hulle, Here, U moes net gesê het. Ons sou daar gewees het. As jy dit nie aan die geringstes doen nie dan doen jy dit nie aan My nie.

Liewe gemeente, wil jy God ontmoet? Lewe met 'n missie. Wil jy God ontmoet? Vra Hom wat is die vrese wat jou keer om die dinge nie te doen wat jy moet doen, maar vra Hom ook wat is die vrese wat jou dinge laat doen, want baie van die goed wat ons doen in die kerk word gebore uit 'n diep, diep vrees, 'n vrees om my siel te koop, vrees vir die hel, soos in hierdie ou. Okay, ek gaan dit nou maar doen, dat ek net nie... Jesus sluit die gelykenis af en Hy vat hierdie narratief en hy praat oor vertroue, en Hy sê die vraag, sal ek die geloof vind? Waarin is jou geloof?

Kom ons bid saam. Hemelse Vader, ons dank U vandag dat U klop, nou, dat U het gister geklop, U gaan môre klop, U gaan aanhou klop. Die data van ons geloof is totaal irrelevant. Dankie vir hierdie ongelooflike missie wat vloei uit hierdie hemel, wat ons harte deurboor. Here, gee ons die genade om ons harte oop te maak dat ons die klop kan hoor en dat ons kan oopmaak.

Ek wil bid dat ons gebede ons lewe word, dat ons verhouding met hierdie wêreld 'n gebed sal wees.  En ek dank U dat U het hierdie wêreld nie gelos nie, al lyk dit hoe hulpeloos.  Dankie dat die gawe daar lê.  Ons moet net gehoorsaam wees om te gaan.  Ek wil bid, Here, stroop ons vanoggend van alles wat ons keer in ons weg om te kan gaan.  Ek bid dit in Jesus naam, amen.

En nou, mag die genade van ons Here Jesus, die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees wat ons stuur, nou met elke een gaan.  Amen.